

Dag	Lesaktiwiteit	Leshulpbronne
1	Lengte	LB, hande, potlode
2	Meet die lengte	LB
3	Meet die lengte	LB, multifix-blokkies
4	Meter en sentimeter	LB, multifix-blokkies, maatband
5	Vaslegging en assessering vir leer	LB

Na hierdie week behoort die leerder in staat te wees om:	✓
lengte met behulp van nie-standaard mates as deel van informele meting te skat, te meet, te vergelyk, te rangskik en aan te teken.	
lengte, met meter as die standaard lengte-eenheid, te skat, te meet, te vergelyk, te rangskik en aan te teken.	

Formele assessering (verwys na die Assesserings- en Hulpbronboek)

Skriftelike assessering: Meting – Lengte

Mondelinge en praktiese assessering: Meting – Lengte

Length

	Resources
Mental Maths: Number lines	number lines (0–20 and blank)
Game: 1, 2, 3, show! – subtraction	0–20 cards










Day	Lesson activity	Lesson resources
1	Length	LB, hands, pencils
2	Measuring length	LB
3	Measuring length	LB, multifix blocks
4	Metres and centimetres	LB, multifix blocks, tape measure
5	Consolidation and assessment for learning	LB

After this week the learner should be able to:	✓
estimate, measure, compare, order and record length using non-standard measures as part of informal measuring.	
estimate, measure, compare, order and record length using metres as the standard unit of length.	

Formal assessment (see the Assessment and Resources Booklet)

Written assessment: Measurement – Length

Oral and practical assessment: Measurement – Length

Lengte

Hoofrekene



Ons oefen hierdie week om optellings- en aftrekkingsprobleme met behulp van getallelyne op te los. Die leerders lê vas wat hulle geleer het van die bytelling van ene by tiene, met en sonder die oorbrugging van die tiene. Moedig die leerders aan om probleme vinnig en doeltreffend op te los deur hul getalfeite te herroep.

Speletjie

Ons speel hierdie week die speletjie, 1, 2, 3, wys! – trek af. Wanneer die leerders dit met een hand elk speel, trek hulle getalle tot 5 af, en wanneer hulle met twee hande speel, trek hulle getalle tot 10 af. Aangesien enkele leerders steeds hul vingers gebruik om af te trek en te tel, is dit belangrik om die leerders aan te moedig om die probleme eerder in hul kop te begin oplos.

Konsepontwikkeling



Ons konsentreer hierdie week daarop om met nie-standaard eenhede te werk ten einde die waarde daarvan om standaard eenhede te gebruik om lengte te meet, in te sien. Sodra die leerders die probleem insien van die gebruik van verskillende eenhede om lengte te meet, kan ons begin om die standaard eenheid van 'n meter aan hulle bekend te stel. Die leerders moet in staat wees om metings wat in meter gegee word, te lees en min of meer te verstaan wat dit voorstel. Ons konsentreer dus daarop om:

- lengte met behulp van nie-standaard mates as deel van informele meting te skat, te meet, te vergelyk, te rangskik en aan te teken.
- lengte, met meter as die standaard lengte-eenheid te skat, te meet, te vergelyk, te rangskik en aan te teken.

Waarna jy hierdie week moet oplet

- 'n Nie-standaard eenheid is 'n voorwerp wat nie normaalweg vir meting gebruik word nie, byvoorbeeld om hande en voete te gebruik om die lengte van die klaskamer te meet. Ons begin met nie-standaard eenhede omdat dit vir die leerders betekenis inhou en geredelik beskikbaar is. Dit is belangrik dat die leerders tyd gegee word om die belangrikheid daarvan om standaard eenhede te gebruik, te verken en te identifiseer. Ons maak van standaard eenhede gebruik aangesien ons 'n metingstelsel moet hê wat dieselfde beteken vir almal wat dit gebruik.
- Belangrike woordeskat: **meer as**, **minder as**, **lengte**, **meter**, **lank**, **kort**, **langer** en **korter**.

Length

Mental Maths

This week we will practise using number lines to solve addition and subtraction problems. Learners will consolidate what they have learnt about adding ones to tens, both with and without bridging the tens. Encourage learners to solve problems quickly and efficiently by remembering their learnt number facts.



Game

This week we will play the game 1, 2, 3, show! – subtraction. When they play with one hand each, learners will subtract using numbers up to 5 and when they play with two hands, they will subtract using numbers up to 10. While some learners may still subtract using their fingers and counting, it is important to encourage learners to work towards solving the problems mentally.

Conceptual development

This week we focus on working with non-standard units in order to realise the value of using standard units to measure length. Once learners realise the problem of using different units to measure length, we can then move onto introducing the standard unit of a metre. Learners should be able to read measurements given in metres and understand approximately what they represent:



- estimate, measure, compare, order and record length using non-standardised measures as part of informal measuring.
- estimate, measure, compare, order and record length using metres as the standard unit of length.

What to look out for this week

- A non-standard unit is an object that is not normally used for measurement. For example, using hands or feet to measure the length of the classroom. We begin with non-standard units as they are meaningful to the learner and are readily available. It is important to allow learners time to explore and identify the importance of using standard units. We use standard units as we need to have a measurement system that means the same to everyone who uses it.
- Important vocabulary: **more than, less than, length, metre, long, short, longer, shorter**.

Lengte

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

HOOFREKENE | MENTAL MATHS

Tel op en trek af met behulp van getallelyne.

Use number lines to add and subtract.

Onthou om elke dag die datum na te gaan en die register af te merk.

Remember to check the date and mark the register every day.













Length

Verrykingsaktiwiteite • Enrichment activities

Dag 1 • Day 1

Tel op.
Add.

37 + 5 =

25 + 8 =

49 + 3 =

68 + 7 =

17 + 7 =

54 + 8 =

29 + 6 =

12 + 9 =

75 + 6 =

88 + 3 =

Dag 2 • Day 2

Trek af.
Subtract.

56 – 9 =

83 – 7 =

65 – 6 =

24 – 5 =

42 – 4 =

36 – 8 =

21 – 6 =

15 – 7 =

73 – 5 =

27 – 9 =

Dag 3 • Day 3

Tel op.
Add.

44 + 8 =

67 + 5 =

26 + 6 =

89 + 2 =

58 + 3 =

47 + 7 =

19 + 5 =

35 + 8 =

16 + 6 =

77 + 6 =

Dag 4 • Day 4

Trek af.
Subtract.

43 – 7 =

94 – 5 =

25 – 8 =

61 – 4 =

35 – 7 =

72 – 5 =

86 – 9 =

53 – 5 =

17 – 9 =

22 – 6 =

Lengte

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Wat kan ons gebruik om die lengte van die skoolbank te meet?
What can we use to measure the length of the desk?



Ek kan dit met my hand meet.
I can measure it using my hand.

Hoeveel hande lank is julle skoolbank?
How many hands long is your desk?



My skoolbank is 6 hande lank.
My desk is 6 hands long.

My skoolbank is 7 hande lank.
My desk is 7 hands long.

Julle het die lengte van julle skoolbank met julle hande gemeet. Skat nou hoeveel hande lank die bord is.
You have used your hands to measure the length of your desk. Now estimate how many hands long the chalkboard is.



Ek skat die bord is 14 hande lank.
I estimate the chalkboard is 14 hands long.

Kom ons kyk of jou skatting reg is.
Let's check your estimation.



Die bord is 12 hande lank. Ons skatting was taamlik naby.
The chalkboard is 12 hands long. Our estimation was quite close.



Gee veelvuldige geleenthede aan die leerders om die lengte van voorwerpe in die klaskamer met informele metingseenhede soos 'n hand of 'n potlood te skat en te meet.

Allow the learners multiple opportunities to estimate and measure classroom items using informal units of measurement such as hand or pencils.

Length

WEEK • WEEK 6

DAG 1 • DAY 1

Lengte
Length

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

Speletjie: 1, 2, 3, wys! – trek af
Game: 1, 2, 3, show! – subtraction

- Werk in pare. Sê 1, 2, 3, wys! Wys elkeen 1 hand.
  Work in pairs. Say 1, 2, 3, show! Show 1 hand each.
- Trek die vingers van mekaar af!
  Subtract the fingers!
- Sê 1, 2, 3, wys! Wys elkeen 2 hande.
  Say 1, 2, 3, show! Show 2 hands each.
- Trek die vingers van mekaar af! Soek na 10'e.
  Subtract the fingers! Look for 10s.
- Speel weer, trek vinniger af.
  Go again, subtract faster.



1 Verbind die lyn met die korrekte woord.
Join the line to the correct word.

You could copy this question for learners

langer longer	korter shorter	langer longer	korter shorter

2 Meet hierdie lengtes.
Measure these lengths. * These are only guidelines

Die venster is _____ potlode breed. The window is __7__ pencils wide.
Die skoolbank is _____ hande lank. The desk is __8__ hands long.
Jy moet _____ treë gee om in die klaskamer om te loop. It takes __40__ steps to walk around the classroom.

Lengte

Informal units of measurement.

3 Meet met jou hand:

Use your hand to measure:

Answers could differ.

die breedte van die deur. the width of the door.	6
die lengte van die bord. the length of the board.	17
die hoogte van jou stoel. the height of your chair.	6
die lengte van jou onderwyser se tafel. the length of the teacher's desk.	8

4 Meet met jou potlood:

Use your pencil to measure:

die lengte van jou boek. the length of your book.	2
die breedte van jou skoolbank. the width of your desk.	4
jou stoel se sitplek. the seat of your chair.	3

5 Meet met jou voete:

Use your feet to measure:

die lengte van die klaskamer. the length of the classroom.	25
die breedte van die klaskamer. the width of the classroom.	30
die breedte van die gang buite die klaskamer. the width of the corridor outside the classroom.	60

Measuring length

HOOFREKENE / MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING / CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK / GROUP WORK → SPELETJIE / GAME → AKTIWITEITE / ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING / PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Meet asseblief die breedte van die klaskamer deur te tel hoeveel treë julle moet gee om by die ander kant uit te kom.

Please measure the width of the classroom by counting how many steps you take to get to get to the other side.



Hoeveel treë breed is die klaskamer?

How many steps wide is the classroom?



Waarom het hulle verskillende antwoorde gekry?

Why did you get different answers?



Wat dink julle moet ons doen om 'n akkurate meting te kry?

What do you think we need to do to get an accurate measurement?

Ons moet elkeen die lengte met dieselfde ding meet.

We each need to use the same thing to measure the length.



Hulle het verskillende antwoorde gekry omdat Khwezi se treë veel groter as Lindo se treë is.

They got different answers because Khwezi's steps are much bigger than Lindo's steps.

Moedig die leerders aan om raak te sien dat hulle verskillende metings kry wanneer hulle informele metingseenhede gebruik om te meet. Help hulle om in te sien dat dit nodig is om 'n standaard metings-eenheid te gebruik ten einde meer akkuraat te kan meet.

Encourage learners to notice that they get different measurements when they use informal units of measurement. Help them to recognise the need for a standard unit of measurement in order to be able to measure more accurately.

WEEK • WEEK 6

DAG 2 • DAY 2

Meet die lengte
Measuring length

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

1 Hoe lank is dit? Meet die lengte.
How long? Measure the length.

	meting measurement		meting measurement
	25 feet 		20 feet 
	15 blocks 		10 blocks 
	5 blocks 		4 blocks 
	9 pencils 		4 pencils 

Answers could vary

Measuring length

2 Meet met twee potlode, waarvan een korter is:
Use two pencils of different lengths to measure:

Waarom het voorwerpe soms verskillende lengtes?
Why do you sometimes get different lengths?



	potlood 1 pencil 1	potlood 2 pencil 2	Wat is die verskil? What is the difference?
	1 potlood 1 pencil	2 potlode 2 pencils	1 potlood 1 pencil
	4 pencils	8 pencils	4 pencils
	5 pencils	10 pencils	5 pencils
	3 pencils	6 pencils	3 pencils
	3 pencils	6 pencils	3 pencils
	2 pencils	4 pencils	2 pencils
	5 pencils	10 pencils	5 pencils

(Answers could vary)

Meet die lengte

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT









Gee veelvuldige geleenthede aan die leerders om voorwerpe met hul blokkiestoring te meet. Herinner hulle daaraan dat, alhoewel die blokkiestoring meer konsekwente mates gee, dit nie juis 'n praktiese metingsinstrument is om langer lengtes mee te meet nie.

Provide multiple opportunities for learners to measure with their multifix block tower. Remind them that while the multifix block tower gives more consistent measurements, it is still not a practical measuring tool when measuring longer lengths.

Measuring length

WEEK • WEEK 6

DAG 3 • DAY 3

Meet die lengte
Measuring length

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

1 Hoeveel blokkies lank is die slang?
How many blocks long is the snake?

	14
	8
	5
	11
	7
	12

Meet die lengte

2 Jou onderwyser sal vir jou 'n bladsy met 'n slangliniaal gee. Knip dit uit en gebruik dit om die prente te meet.

Your teacher will give you a page with a snake ruler. Cut it out and use it to measure the pictures. See the resources booklet for the template

	3 blokkies 3 blocks
	____ blokkies 9 blocks
	____ blokkies 4 blocks
	____ blokkie 1 block
	____ blokkies 8 blocks
	____ blokkies 5 blocks

Metres and centimetres

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Dink julle dis 'n goeie idee om die lengte van hierdie skoolbank met 'n blokkie te meet?
Do you think it is a good idea to measure the length of this desk using a block?



Nee, want die blokkie is klein en die skoolbank is lank. Dit gaan baie lank neem om dit so te meet!
No, because the block is small and the desk is long. It will take a very long time to measure like that!



Ons kan die lengte van die skoolbank met 'n maatband meet.
We can use this tape measure to measure the length of the desk.



Sit die begin van die maatband op die een punt neer, soos hier. Hoe lank is die skoolbank?
Put the start of the tape measure at the one end, like this. How long is the desk?



Meet nou die breedte van julle skoolbanke.
Now measure the width of your desks.



Die skoolbank is 44 cm breed.
The desk is 44 cm wide.

Bespreek die merkies op die maatband (sentimeter). Wys die leerders hoe hulle die maatband moet neersit wanneer hulle daarmee meet. Begin by die 0-merkie. Bespreek hoe die mates afgelees word. Watter getal kom aan die ander punt van die maatband voor?

Discuss the markings on the tape measure (centimetres). Show the learners how to place the tape measure when they measure. Start from the 0 mark. Discuss how to read the measurement. What number is on the other end of the tape measure?

Gee veelvuldige geleenthede aan die leerders om items en voorwerpe met die maatband te meet. Sodra hulle gemaklik daarmee is, stel hulle bekend aan die begrip van 1 meter.

Allow learners multiple opportunities to measure items and objects using the tape measure. When learners are comfortable with this, then introduce them to the notion of 1 metre.

WEEK • WEEK 6

DAG 4 • DAY 4

Meter en sentimeter
Metres and centimetres

HOOFREKENE MENTAL MATHS → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

1 Skryf die korrekte antwoord neer.
Write the correct answer.

'n Kosblik is A lunchbox is	korter as shorter than	langer as longer than	10 cm
'n Potlood is A pencil is	korter as shorter than	langer as longer than	10 cm
'n Telefoonpaal is A telephone pole is	korter as shorter than	langer as longer than	10 cm
'n Skerpmaker is A sharpener is	korter as shorter than	langer as longer than	10 cm
'n Yskas is A fridge is	korter as shorter than	langer as longer than	10 cm
'n Vinger is A finger is	korter as shorter than	langer as longer than	10 cm
'n Gombuis is A glue stick is	korter as shorter than	langer as longer than	10 cm
'n Uitveër is An eraser is	korter as shorter than	langer as longer than	10 cm

2 Skryf die korrekte antwoord neer.
Write the correct answer.

Die kortste lengte waarin jy 'n stukkie tou kan knip, is: The shortest length to cut a piece of string is:				
20 cm	30 cm	10 cm	40 cm	50 cm
Die langste afstand waaroor jy 'n albaster kan rol, is: The longest distance to roll a marble is:				
70 cm	90 cm	80 cm	100 cm	60 cm

Metres and centimetres

3 Skat en meet dan met jou maatband.
Estimate and then use your tape measure to measure.



	skatting estimation	meting measurement	Wat is die verskil? What is the difference?
	80 cm	85 cm	5 cm
	100 cm	120 cm	20 cm
	30 cm	30 cm	0 cm
	20 cm	21 cm	1 cm
	50 cm	70 cm	20 cm
	30 cm	32 cm	2 cm
	100 cm	80 cm	20 cm

The answer could vary

WEEK • WEEK 6

DAG 5 • DAY 5

Vaslegging
Consolidation

HOOFREKENE MENTAL MATHS | ASSESSERING ASSESSMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

Kom ons praat Wiskunde!
Let's talk Maths!



In Afrikaans sê ons:	In English we say:
lengte	length
breedte	width
hoogte	height
lank, langer	long, longer
kort, korter	short, shorter
meet/meting	measuring
meter	metre
sentimeter	centimetre

1 Omtrent hoe lank is elke roomyshorinkie in blokkies?
About how long is each ice cream cone in blocks?



_____ blokkies
7 blocks

_____ blokkies
9 blocks

_____ blokkies
11 blocks

60

Assessment and consolidation

2 Meet die lengte van elke voorwerp met die liniaal.
Use the ruler to measure the length of each object.



4cm



15cm



7cm



3cm



5cm

Ruimte en vorm

	Hulpbronne
Hoofrekene: Fizz Pop! – Breek af en bou op	geen
Speletjie: Vinnige wiskunde met kaarte – trek van 20 af	getalkaarte 1 tot 10







Dag	Lesaktiwiteit	Hulpbronne
1	3D voorwerpe	LB, 3D voorwerpe, silinders, balle en bokse
2	3D voorwerpe	LB, 3D voorwerpe, silinders, balle en bokse
3	Bou met 3D voorwerpe	LB, 3D voorwerpe
4	Posisie en aansig	LB, 3D voorwerpe
5	Vaslegging en assessering vir leer	LB

Na hierdie week behoort die leerder in staat te wees om:	✓
3D voorwerpe (silinders, sfere en prismas) te herken, te beskryf, te sorteer en te vergelyk.	
3D voorwerpe van materiale te maak (eksperimenteer met bal- en boksvorms).	
verskillende aansigte van dieselfde alledaagse voorwerp bymekaar te laat pas.	

Formele assessering (verwys na die Assesserings- en Hulpbronboek)

Skriftelike assessering: Ruimte en Vorm, en Datahantering (geïntegreer)

WEEK 7

Space and shape

	Resources
Mental Maths: Fizz Pop! – Breaking down and building up	none
Game: Fast maths with cards – subtract from 20	number cards 1 to 10







Day	Lesson activity	Lesson resources
1	3-D objects	LB, 3-D objects, cylinders, balls and boxes
2	3-D objects	LB, 3-D objects, cylinders, balls and boxes
3	Building with 3-D objects	LB, 3-D objects
4	Position and views	LB, 3-D objects
5	Consolidation and assessment for learning	LB

After this week the learner should be able to:	✓
recognise, describe, sort and compare 3-D objects (cylinders, spheres and prisms).	
build 3-D objects from materials (experiment with ball and box shapes).	
match different views of the same everyday object.	

Formal assessment (see the Assessment and Resources Booklet)

Written assessment: Space and Shape, and Data Handling (integrated)

Ruimte en vorm

Hoofrekene



Ons speel hierdie week Fizz Pop! en konsentreer daarop om getalle af te breek en op te bou. Gee die leerders geleenthede om getalle op dag 1 en 3 in tiene en ene af te breek en dan op dag 2 en 4 tweesyfergetalle op te bou. Dit lê die leerders se getalbegrip vas.

Speletjie

Ons speel hierdie week Vinnige wiskunde met kaarte – trek van 20 af. Die leerders oefen om probleme vinnig op te los deur getalfeite te herroep. Hulle trek elke dag, in die loop van die week, van 'n ander getal af (byvoorbeeld van 50, 60, 70 of 80).



Konsepontwikkeling



Ons konsentreer hierdie week in die konsepontwikkelingslesse op 3D voorwerpe. Daar word geleentheid aan die leerders gegee om 3D voorwerpe te beskryf, te sorteer en te vergelyk deur die groottes te vergelyk asook die vermoë daarvan om te gly of te rol. Die leerders eksperimenteer ook daarmee om verskeie strukture met bal- en boksvoorwerpe te bou. Die leerders moet voortgaan om werklike voorwerpe te gebruik ten einde die kenmerke van die 3D voorwerpe te ontdek en te verstaan. Hulle gaan laastens van posisie en aansigte leer. Die onderwerp oor aansigte stel die leerders in staat om hul vermoë te ontwikkel om geometriese (en ander) vorms en voorwerpe te visualiseer (in hul verbeelding te sien). Terwyl ons met 3D voorwerpe en met posisie werk, konsentreer ons daarop om:

- 3D voorwerpe (silinders, sfere en prismas) te herken, te beskryf, te sorteer en te vergelyk.
- 3D voorwerpe van materiale te bou (met bal- en boksvorms te eksperimenteer).
- verskillende aansigte van dieselfde soort alledaagse voorwerp bymekaar te laat pas.

Waarna jy hierdie week moet oplet

- **3D voorwerpe** (driedimensionele voorwerpe) het lengte, breedte en diepte. Voordat jy hierdie week die lesse onderrig, maak seker dat jy 3D voorwerpe soos toiletrolle (en ander silindriese vorms), balle van verskillende groottes en bokse van verskillende groottes versamel.
- Dit is uiters belangrik dat die leerders tyd moet kry om te kan sit en visualiseer. Moedig hulle aan om hulle oë toe te maak en te kyk na "die beelde wat hulle in hulle kop kan sien" van die voorwerpe wat jy met hulle bespreek. Dit moet dan na die leerders se alledaagse ervarings deurgetrek word, want dit is belangrik dat dit wat hulle leer, op 'n sterk verbintenis met hul wêreld gebaseer moet word.
- Belangrike woordeskat: **sfeer**, **silinder**, **prisma**, **rol**, **gly**, **boksvormig**, **balvormig**, **beskryf**, **sorteer**, **vergelyk**, **grootte**, **bo-op**, **onder**, **posisie**, **aansigte (bo**, **sy** en **voor)**, **pas**.

Space and shape

Mental Maths



This week we will play Fizz Pop!, focusing on breaking down and building up numbers. Learners will be given opportunities to break numbers into tens and ones on Days 1 and 3, and on Days 2 and 4 they will build two-digit numbers. This consolidates learners' number concept.

Game



This week we will play Fast maths with cards – subtract from 20. Learners will practise solving problems quickly by recalling number facts. The learners subtract from a different number each day (for example from 50, 60, 70 or 80) as the week goes by.

Conceptual development



In the conceptual development lessons, this week we focus on 3-D objects. Learners will be given the opportunity to describe, sort and compare 3-D objects, by comparing size, and their ability to slide or roll. Learners will also experiment with building a variety of structures using ball and box objects. It is important that the learners continue to use real objects in order to discover and understand the properties of the 3-D objects. Finally, learners will learn about position and views. The topic of views helps learners to develop their ability to visualise (see in their mind's eye) geometric (and other) shapes and objects. In our work on 3-D objects and position, we will focus on:

- recognising, describing, sorting and comparing 3-D objects (cylinders, spheres and prisms).
- building 3-D objects from materials (experimenting with ball and box shapes).
- matching different views of the same everyday object.

What to look out for this week

- **3-D objects** (three-dimensional objects) have length, width and depth. Before teaching the lessons this week, make sure you collect 3-D objects such as toilet rolls (and other cylindrical shapes), different sized balls, different sized boxes.
- It is very important to give the learners time to sit and visualise. You should encourage them to close their eyes and 'look at the images they can see inside their heads' of the objects you are discussing. It is important that these are related back to the learners' everyday experiences, so that their learning can be based upon strong connections to their world.
- Important vocabulary: **sphere**, **cylinder**, **prism**, **roll**, **slide**, **box-shaped**, **ball-shaped**, **describe**, **sort**, **compare**, **size**, **on top**, **underneath**, **position**, **views (top, side, front)**, **match**.

3D voorwerpe

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

HOOFREKENE | MENTAL MATHS

Die leerders breek getalle in 10'e en in 1'e op en bou dit weer so op.

Learners break down and build up numbers into 10s and 1s.

Onthou om elke dag die datum na te gaan en die register af te merk.

Remember to check the date and mark the register every day.













3-D objects

Verrykingsaktiwiteite • Enrichment activities

Dag 1 • Day 1

Los op.
Solve.

33 + 36 =

25 + 14 =

51 + 24 =

48 + 11 =

32 + 24 =

75 – 14 =

55 – 31 =

49 – 27 =

37 – 34 =

65 – 50 =

Dag 2 • Day 2

Los op.
Solve.

61 + 12 =

44 + 25 =

17 + 42 =

32 + 23 =

12 + 62 =

56 – 45 =

49 – 26 =

28 – 16 =

73 – 62 =

35 – 14 =

Dag 3 • Day 3

Los op.
Solve.

33 + 42 =

25 + 31 =

12 + 55 =

44 + 23 =

31 + 38 =

65 – 51 =

55 – 33 =

49 – 17 =

37 – 24 =

75 – 60 =

Dag 4 • Day 4

Los op.
Solve.

51 + 12 =

44 + 25 =

17 + 32 =

22 + 33 =

34 + 41 =

55 – 41 =

39 – 27 =

69 – 45 =

58 – 36 =

42 – 21 =

3D voorwerpe

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Hierdie balvorm word 'n sfeer genoem. Watter ander sfere sien julle in die klas raak?
This ball shape is called a sphere. What other spheres do you see in the class?



Ek sien 'n sokkerbal wat 'n sfeer is.
I see a soccer ball that is a sphere.

Hierdie boksvorm word 'n prisma genoem. Watter ander prismas sien julle in die klas raak?
This box shape is called a prism. What other prisms do you see in the class?



Ek sien 'n snesieboks wat 'n prisma is.
I see a tissue box that is a prism.

Hierdie vorm word 'n silinder genoem. Watter ander silinders sien julle in die klas raak?
This shape is called a cylinder. What other cylinders do you see in the class?



Ek sien 'n toiletrol wat 'n silinder is.
I see a toilet roll that is a cylinder.

Die leerders moet na sfere, prismas en silinders in die klaskamer soek. Moedig hulle aan om oor verskillende 3D voorwerpe te gesels. Help hulle om die verskillende groottes van voorwerpe raak te sien en die wiskundevorms in voorwerpe uit die werklike lewe te herken.

Learners should look for **spheres**, **prisms** and **cylinders** in the classroom. Encourage them to talk about different 3-D objects. Help them to notice the different sizes of objects, and to recognise the mathematical shapes in real life objects.

WEEK 7 • WEEK

DAG 1 • DAY 1

3D voorwerpe
3-D objects

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

Speletjie: Vinnige wiskunde met kaarte – trek van 20 af
Game: Fast maths with cards – subtract from 20

- Sit getalkaarte 0 tot 10 op 'n hopie neer.
  Place number cards 0 to 10 in a pile.
- Draai een kaart om.
  Flip over one card.
- Trek die getal van 20 af!
  Subtract from 20!



Learners may use their finger to trace. They could trace all the words, or just one language.

1 Trek die name van die voorwerpe na.
Trace the object names.



	sfeer / sphere
	silinder / cylinder
	prisma / prism

2 Kleur al die sfere rooi in, die prismas blou in en die silinders groen in. You could copy this question for learners
Colour all the spheres red, the prisms blue and the cylinders green.



3D voorwerpe

3 Sfeer, silinder of prisma?

Sphere, cylinder or prism?

			
sfeer sphere	prisma prism	silinder cylinder	cylinder

			
cylinder	prism	sphere	cylinder

			
prism	sphere	prism	sphere

4 Trek die voorwerpe na en kleur hulle in.

Trace and colour the objects.

Trace the dotted line

prisma prism	silinder cylinder	sfeer sphere
		

You could copy this question for learners

3-D objects

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT





Wys in 'n demonstrasie vir die klas wat met die voorwerpe gebeur as jy dit aan die bokant van 'n helling neersit. Vra die leerders om te gesels oor dit wat hulle waarneem.

In a demonstration for the class, test what will happen to the objects if you put them at the top of the slope. Ask learners to talk about what they observe.





Moedig gesprekke tussen die leerders aan terwyl hulle vorms sorteer en ondersoek instel na watter voorwerpe gly en watter rol. Bespreek dit met die klas dat die balvorms rol en die boksvorms gly. Die ronde oppervlakke stel 'n vorm in staat om te rol. 'n Vorm kan op 'n plat oppervlak gly.

Encourage conversation between learners as they sort shapes and investigate which objects **slide** and **roll**. Discuss with the class – the ball shapes roll and the box shapes slide. A **curved** surface allows a shape to roll. A shape can slide on a **flat** surface.

WEEK 7 • WEEK

DAG 2 • DAY 2

3D voorwerpe
3-D objects

HOOFREKENE MENTAL MATHS → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

1 Skryf die korrekte antwoorde neer.
Write the correct answers.

'n Silinder kan rol en gly! Dit het plat en ronde sye.
A cylinder can roll and slide! It has flat and curved sides.



	rol roll	gly slide	rol en gly roll and slide
	✓		
		✓	
			✓
			✓
		✓	
	✓		
		✓	
			✓

64

3-D objects

2 Ronde sye of plat sye?
Curved sides or flat sides?

			
rond	plat	plat	rond
curved	flat	flat	curved

			
plat			
flat	flat	flat	curved

3 Skryf die korrekte antwoorde neer om die tabel te voltooi.
Write the correct answers to complete the table.

Onthou, 'n prisma het twee identiese sye en al die sye is plat.
Remember, a prism has two identical bases and all sides are flat.



	plat/ronde sye flat/curved sides	rol/gly/rol en gly roll/slide/roll and slide
prisma prism	plat flat	gly slide
sfeer sphere	curved	roll
silinder cylinder	flat and curved	slide and roll

Bou met 3D voorwerpe

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Dink julle dat julle 'n toring met bokse kan bou? Waarom?
Do you think you could build a tower using boxes? Why?



1

Ja! Die sye van die bokse is plat, dus kan ek dit op mekaar stapel.
Yes! The sides of the boxes are flat so I can stack them.

Dink julle dat julle 'n toring met balle kan bou? Waarom?
Do you think you could build a tower using balls? Why?



2

Nee! Die balle sal wegrol.
No! The balls will roll away.

Dink julle dat julle 'n toring met bokse en balle kan bou?
Do you think you could build a tower using boxes and balls?



3

Soms kan jy. Jy kan 'n bal aan die bokant laat balanseer.
Sometimes a ball can balance on the top.

Die leerders moet eksperimenteer om te sien of hulle torings met net balle en met net bokse of met 'n mengsel van die twee soorte vorms kan bou.

Learners should experiment to see whether they can make towers by using only balls and boxes or a mixture of the two kinds of shapes.

Building with 3-D objects

WEEK • WEEK 7

DAG 3 • DAY 3

Bou met 3D voorwerpe
Building with 3-D objects

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

'n Toring wat van prismas gemaak word, kan balanseer omdat die sye plat is. Voorwerpe met ronde sye kan nie balanseer nie!

A tower made of prisms can balance because the sides are flat. Curved sides can't balance!



1 Kyk na die prente. Maak 'n regmerkie onder **balanseer** of **kan nie balanseer nie**.

Look at the pictures. Write **balance** or **cannot balance**.

	balanseer balance	kan nie balanseer nie cannot balance
	✓	
		✓
	✓	
		✓
	✓	

Bou met 3D voorwerpe

2 Omkring die versameling voorwerpe waarmee die toring gebou is. You could copy this question for learners

Circle the set of objects used to build the tower.



3 Trek lyne om die 3D voorwerpe by die torings te pas.

Draw lines to match the 3-D objects to the towers.



You could copy this question for learners

Position and views

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT

Bespreek die voor-, bo- en sy-aansigte van etlike alledaagse voorwerpe met die klas. Gee geleentheid dat die leerders die voorwerpe vashou en self na die aansigte kyk.

Discuss the **front**, **top** and **side** views of several everyday objects with the class. Allow learners to hold the **objects** and look at the views for themselves.









Waarom verskil die aansigte so?
Why are the views different?





Posisie en aansig

WEEK 7 • WEEK

DAG 4 • DAY 4

Posisie en aansig
Position and views

HOOFREKENE MENTAL MATHS → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING



voor-aansig front view	bo-aansig top view	sy-aansig side view
		

1 Kyk na die prente. Watter aansig sien jy: **voor-aansig**, **sy-aansig** of **bo-aansig**?

Look at the pictures. What view do you see: **front view**, **side view** or **top view**?

			
voor-aansig front view	top	top	side
			
front	front	top	side
			
front	side	top	side

Position and views

2 Skryf die korrekte antwoord neer.
Write the correct answer.

Die bal is … die boks. The ball is … the box.	agter behind	voor in front of	langs next to	bo-op on top of
				✓
		✓		
	✓			
			✓	

3 Teken die aansigte.
Draw the views.

	bo-aansig top view	voor-aansig front view	sy-aansig side view
			
 front side			
			

detail not needed

WEEK • WEEK 7

DAG 5 • DAY 5

Vaslegging
Consolidation

HOOFREKENE / MENTAL MATHS · ASSESSERING / ASSESSMENT → GROEPWERK / GROUP WORK → SPELETJIE / GAME → AKTIWITEITE / ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING / PROBLEM SOLVING

Kom ons praat Wiskunde!
Let's talk Maths!



In Afrikaans sê ons:	In English we say:
prisma	prism
silinder	cylinder
sfeer	sphere
rol en gly	roll and slide
plat sye en ronde sye	flat and curved sides
vooraansig, syaansig en bo-aansig	front, side and top view

1 Teken die aansigte.
Draw the views.

	bo-aansig top view	voor-aansig front view	sy-aansig side view
			
			
			

70

WEEK 7

Assessment and consolidation

2 Skryf die korrekte antwoord neer.
Write the correct answer.

	rol roll	gly slide	rol en gly roll and slide
	A pure cylinder does not have a hole down its centre		
	✓		
		✓	
		✓	
	✓		
	✓		
		✓	
			✓
			✓

Verdubbeling en halvering

	Hulpbronne
Hoofrekene: Fizz Pop!	geen
Speletjies: Vinnige wiskunde met kaarte – verdubbel en halveer met blokkies	100-blok







Dag	Lesaktiwiteit	Leshulpbronne
1	Verdubbeling beteken twee ewe groot groepe	LB
2	Verdubbel groter getalle	LB
3	Halveer	LB, afvalpapier, tellers
4	Halveer met ’n res	LB, appels
5	Vaslegging en assessering vir leer	LB

Na hierdie week behoort die leerder in staat te wees om:	✓
getalle tussen 0 en 20 te verdubbel.	
getalle tussen 0 en 20 te halveer.	
getalle te halveer, wat ’n res tot gevolg het.	

Formele assessering (verwys na die Assesserings- en Hulpbronboek)

Skriftelike assessering: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe: Verdubbeling en halvering.

Double and half

	Resources
Mental Maths: Fizz Pop!	none
Games: Fast maths with cards – double and half with blocks	100 square







Day	Lesson activity	Lesson resources
1	Double is two equal groups	LB
2	Double bigger numbers	LB
3	Halving	LB, scrap paper, counters
4	Halving with a remainder	LB, apples
5	Consolidation and assessment for learning	LB

After this week the learner should be able to:	✓
double numbers between 0 and 20.	
halve numbers between 0 and 20.	
halve numbers that result in a remainder.	

Formal assessment (see the Assessment and Resources Booklet)

Written assessment: Numbers, Operations and Relationships: Double and half.

Verdubbeling en halvering

Hoofrekene

Ons speel hierdie week weer Fizz Pop!, met die fokus op verdubbeling. Dit is belangrik dat die leerders verdubbeling oefen om hierdie berekeningstrategie doeltreffend te kan gebruik. 'n Begrip van verdubbeling is nodig aangesien die leerders van vermenigvuldiging begin leer.



Speletjies

Ons speel hierdie week die speletjies, Vinnige wiskunde met kaarte – verdubbel en halveer met blokkies. Die speletjies gee die leerders 'n geleentheid om verdubbeling en halvering te oefen sodat hulle probleme vinnig en maklik kan oplos. Hulle speel die speletjies met kaarte en blokkies.



Konsepontwikkeling

Ons konsentreer hierdie week op verdubbeling en halvering. Die leerders oefen verdubbeling en halvering met tellers. Hulle sien in dat dieselfde getal elke keer met verdubbeling herhaal word en dat elke halwe met halvering presies dieselfde is. Terwyl ons aan verdubbeling en halvering werk, konsentreer ons daarop om:

- getalle tussen 0 en 20 te verdubbel.
- getalle tussen 0 en 20 te halveer.
- getalle te halveer, wat 'n res tot gevolg het.





Waarna jy hierdie week moet oplet

- Halvering wat reste tot gevolg het, is 'n belangrike vaardigheid aangesien dit die leerders help om wiskunde aan lewensegte situasies te koppel. Die leerders moet nadink oor dit wat gebeur as daar 'n res is en hoe hierdie res verdeel kan word.
- Verdubbeling en halvering is noodsaaklike berekeningstrategieë wat die leerders kan help om probleme vinnig en doeltreffend op te los. Hulle moet verstaan dat verdubbeling beteken om dieselfde getal twee keer te gebruik, terwyl halvering beteken om 'n getal in twee gelyke (ewe groot) dele te verdeel.
- Moedig gesprekke onder die leerders aan sodat hulle hul oplossingsmetodes kan uitruil. Maak seker dat die leerders die korrekte woordeskat, naamlik **tiene**, **ene**, **voor**, **na**, **tussen**, **meer as**, **minder as**, **verdubbel**, **halveer**, en **halwe** kan gebruik.

Double and half

Mental Maths

This week we will play Fizz Pop! again, with a focus on doubling. It is important for learners to practise doubling and to become efficient at using this calculation strategy. An understanding of doubling is necessary as learners begin to learn about multiplication.



Games

This week we play the games Fast maths with cards – double and half with blocks. The games give learners an opportunity to practise doubling and halving so that they can solve problems quickly and easily. They use cards and blocks to play the games.



Conceptual development

This week we focus on doubling and halving. Learners will use counters to practise doubling and halving. They will see that for doubling them, the same number is repeated each time, and that for halving, each half is exactly the same. In our work on doubling and halving, we will focus on:

- doubling numbers between 0 and 20.
- halving numbers between 0 and 20.
- halving numbers that result in a remainder.





What to look out for this week

- Halving with remainders is an important skill as this helps learners connect mathematics to real life situations. Learners need to think about what happens when there is a remainder, and how this remainder can be shared out.
- Doubling and halving are essential calculation strategies that help learners solve problems quickly and efficiently. They need to understand hat doubling means taking the same number twice while halving means sharing a number into two equal parts.
- Encourage conversation between learners so that they can share their solution methods. Ensure that learners are using the correct vocabulary: **tens ones**, **before**, **after**, **in between**, **more than**, **less than**, **double**, **halve**, **half**.

Verdubbeling beteken twee ewe groot groepe

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

HOOFREKENE | MENTAL MATHS

Lê verdubbeling met behulp van die Fizz Pop!-speletjie vas.

Consolidate doubling using the Fizz Pop! game.

Onthou om elke dag die datum na te gaan en die register af te merk.

Remember to check the date and mark the register every day.













Double is two equal groups

Verrykingsaktiwiteite • Enrichment activities

Dag 1 • Day 1

Los op.
Solve.

16 + 3 = ____

21 + 6 = ____

42 + 4 = ____

34 + 2 = ____

65 + 3 = ____

72 + 7 = ____

83 + 6 = ____

64 + 1 = ____

96 + 3 = ____

57 + 2 = ____

Dag 2 • Day 2

Los op.
Solve.

26 – 3 = ____

15 – 1 = ____

37 – 4 = ____

49 – 6 = ____

68 – 3 = ____

39 – 4 = ____

54 – 3 = ____

78 – 6 = ____

86 – 2 = ____

97 – 5 = ____

Dag 3 • Day 3

Los op.
Solve.

13 + 6 = ____

26 + 1 = ____

44 + 2 = ____

32 + 4 = ____

63 + 5 = ____

77 + 2 = ____

86 + 3 = ____

61 + 4 = ____

93 + 6 = ____

52 + 7 = ____

Dag 4 • Day 4

Los op.
Solve.

25 – 1 = ____

17 – 4 = ____

39 – 6 = ____

48 – 3 = ____

69 – 4 = ____

25 – 1 = ____

17 – 4 = ____

39 – 6 = ____

48 – 3 = ____

69 – 4 = ____

Verdubbeling beteken twee ewe groot groepe

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT











Gee geleenthede aan die leerders om in pare voort te gaan om getalle te verdubbel. Een leerder kan party vingers in die lug hou en die ander leerder steek dan 'n spieëlbeeld van dié aantal vingers op.

Allow the learners opportunities to continue to double numbers in pairs. One learner can hold up some fingers, and the other learner must mirror the number of fingers help up.

Double is two equal groups

WEEK • WEEK 8

DAG 1 • DAY 1

Verdubbling beteken twee ewe groot groepe
Double is two equal groups

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

Speletjie: Vinnige wiskunde met kaarte – verdubbel
Game: Fast maths with cards – double

- Sit die 0–10-getalkaarte op 'n hopie neer.
  Put the 0 to 10 number cards into a pile.
- Draai een kaart om.
  Flip over one card.
- Verdubbel dit!
  Double!



Ali het 3 appels. Hy kry 3 appels meer.
Ali has 3 apples. He gets 3 more.





Verdubbling beteken 2 ewe groot of gelykwaardige groepe. Ons herhaal 'n getal 2 maal.
Double is 2 equal groups. We repeat a number 2 times.
3 verdubbel is gelyk aan 6.
Double 3 is 6.
3 + 3 = 6
2 x 3 = 6

1 Kopieer die kolle om te verdubbel.
Copy the dots to double.



3 verdubbel is ____.
Double 3 is 6.
3 + 3 = 6
2 x 3 = 6
Hoeveel 3'e is daar in 6? ____
How many 3s in 6? 2



2 verdubbel is ____.
Double 2 is 4.
2 + 2 = 4
2 x 2 = 4
Hoeveel 2's is daar in 4? ____
How many 2s in 4? 2



4 verdubbel is ____.
Double 4 is 8.
4 + 4 = 8
2 x 4 = 8
Hoeveel 4'e is daar in 8? ____
How many 4s in 8? 2

Verdubbeling beteken twee ewe groot groepe

2 Voltooi die domino-kolle om te verdubbel.

Complete the domino dots to double.



4 verdubbel is ____.

Double 4 is 8.



5 verdubbel is ____.

Double 5 is 10.



6 verdubbel is ____.

Double 6 is 12.

3

Wanneer ek verdubbel When I double	kry ek I get
1	2
2	4
3	6
4	8
5	10
6	12
7	14
8	16
9	18
10	20

Verdubbel Double	
1	2
2	4
3	6
4	8
5	10
6	12
7	14
8	16
9	18
10	20

4 Kom ons verdubbel ons geld.

Let's double our money.



Verdubbel R2

Double R2 R4



Verdubbel R5

Double R5 R10



Verdubbel R10

Double R10 R20

5 Kry die dubbelgetalle. Tel dan alles bymekaar.

Find the double. Then add.

10 5 + 3 + 5 = 13	8 4 + 4 + 3 = 11 6 3 + 5 + 3 = 11 20 10 + 4 + 10 = 24	12 6 + 3 + 6 = 15 14 7 + 7 + 4 = 18 16 8 + 8 + 4 = 20

Doubling bigger numbers

HOOFREKENE MENTAL MATHS | KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

KONSEPONTWIKKELING | CONCEPT DEVELOPMENT











Gee baie geleenthede aan die leerders om getalle met die towerspieëllyn te verdubbel. Wys hulle hoe om die getalle met behulp van tiene en ene voor te stel en moedig hulle aan om te gesels oor hoe hulle die probleme oplos.

Allow learners many opportunities to double numbers using the magic mirror line. Show them how to represent the numbers using tens and ones and encourage them to talk about how they are solving the problems.

Verdubbel groter getalle

WEEK 8

DAG 2 • DAY 2

Verdubbel groter getalle
Doubling bigger numbers

HOOFREKENE MENTAL MATHS → KONSEPONTWIKKELING CONCEPT DEVELOPMENT → GROEPWERK GROUP WORK → SPELETJIE GAME → AKTIWITEITE ACTIVITIES → PROBLEEMOPLOSSING PROBLEM SOLVING

Verdubbel 4	Verdubbel 10	Verdubbel 12
Double 4	Double 10	Double 12
		
Verdubbel 4: 8	Verdubbel 10: 20	Verdubbel 12: 24
Double 4: 8	Double 10: 20	Double 12: 24
4 + 4 = 8	10 + 10 = 20	12 + 12 = 24
2 x 4 = 8	2 x 10 = 20	2 x 12 = 24
Daar is twee 4'e in 8.	Daar is twee 10'e in 20.	Daar is twee 12's in 24.
There are two 4s in 8.	There are two 10s in 20.	There are two 12s in 24.



Om 'n getal te verdubbel, beteken om dieselfde getal 2 maal te gebruik.

Doubling a number is about taking the same number 2 times.

1 Verdubbel.

Double.

5	6	8
		
5 verdubbel is ____.	6 verdubbel is ____.	8 verdubbel is ____.
Double 5 is 10.	Double 6 is 12.	Double 8 is 16.

